

DIE LENGTE VAN „DAG” IN GENESIS 1

By die vraag oor die lengte van „dag” in Gen. 1 moet daar met verskillende sake rekening gehou word. Eerstens moet ons in gedagte hou dat ons hier nie met ’n natuurwetenskaplike handboek te doen het nie en daarom versigtig moet wees met ons afleidings oor die besonderhede van dit wat verhaal word.

Hierdie waarskuwing word ondersteep deur die feit dat die geslagsregister van Gen. 11 byvoorbeeld duidelik geslagte oorslaan (vgl. bv. Luk. 3 : 34-36), maar uit Gen. 11 self is daar geen aanduiding daar omtrent nie.

En as ons voorts die beskrywing in Gen. 1 met dié in hoofstuk 2 vergelyk, sien ons dadelik dat die wyse van aanbieding verskil na gelang van die hoofdoel wat die skrywer in gedagte het. Dit moet ons dus dubbel versigtig stem. Ons mag daarom seker nie dadelik ’n natuurwetenskaplike stelling veroordeel as dit nie presies ooreenstem met wat die oënskynlike betekenis van Gen. 1 is nie; dit moet ons eerder tot nadere ondersoek aanspoor. Ons mag Gen. 1 dus nie rigoristies verklaar nie.

Aan die ander kant is dit die taak van ’n teoloog om die teks te verklaar en hom daaraan te hou. Hy mag nie ter wille van harmonisering met natuur-wetenskaplike of ander wetenskaplike teorieë die teks rek nie. Die reëls van die eksegese moet nagekom word, omdat die uitleg van een skrifgedeelte implikasies het vir die wyse van uitleg van die res van die Skrif.

By die verklaring van „dag” in Gen. 1 moet met *al* die volgende sake rekening gehou word:

- (a) Gen. 1 bied sy inhoud aan as *historiese stof*, geskiedbeskrywing en dit moet as sodanig benader word. (Daarom voel Ridderbos bv. nie vir ’n digterlike verklaring nie.¹⁷ Du Toit¹⁸ stel dit nog veel sterker deur die *realiteit* van die gebeure te benadruk m.i. heel tereg.)
- (b) Dit gee ook ’n *nadere letterlike omskrywing* van „dag” naamlik dat dit omsluit word deur aand en môre (hier kan verwys word na J. Skinner¹⁹): „The interpretation of jōm as ‘aeon’, a favourite resource of harmonists of science and revelation, is opposed to the plain sense of the passage, and has no warrant in Heb. usage (not even Ps. 90 : 4). It is true that the conception of successive creative periods, extending over vast spaces of time, is found in other cosmogenies (De. 55); but it springs in part from views of the world which are foreign to the O.T. To introduce that idea here not only destroys the analogy on which the sanction of the sabbath rests, but misconceives the character of the Priestly Code. If the writer had had aeons in his mind, he would hardly have missed the opportunity of stating how many millenniums each embraced”. Vgl. ook C. A. Simpson²⁰: „There can be no question but that by ‘Day’ the author meant just what we mean — the time required for one revolution of the earth on its axis. Had he meant an aeon he would certainly, in view of his fondness for great numbers, have stated the number of millenniums each period embraced”.
- (c) Die *nadere verband* waarin die begrip „dag” gebruik word, toon wel ’n verskeidenheid van betekenisse vir hierdie begrip, maar dit word op so ’n wyse gebruik dat dit in elke onderskeie geval sy duidelike onderskeidende betekenis het. Dit het dus nie op die onderskeie plekke ’n vloeibaarheid van betekenis sodat die verskeidenheid van betekenisse die helderheid oor die betekenis op die onderskeie plekke laat vervaag nie. Inteendeel, die verskeidenheid van gebruik onderstreep juis die onderskeie betekenis op die een plek in teenstelling tot dié op ’n ander. (Net soos die gebruik van sinonieme woorde soms deur ’n skrywer aangewend word om die onderskeidende betekenis in elke bepaalde geval na vore te bring.) So staan „dag” in Gen. 1 deur sy omskrywing en eie verband in duidelike onderskeiding van die ander as ’n gewone natuurlike dag soos ons dit ken.
- (d) Die *wye verband* van die Skrif het, kragtens die eenheid van die Skrif as Gods Woord, ook ’n beslissende woord mee te spreek. En hier geld die duidelike uitspraak van die vierde gebod waarin die Goddelike optrede tydens die skepping vir die mens as voorbeeld voorgehou word waarom hy ses (letterlike) dae moet werk en op die (letterlike) sewende dag moet rus: „Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy geen werk doen nie . . . Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak

.... en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseen en dit geheilig".

In die lig van die voorgaande bespreking wil ek nou die onderskeie stellinge van N. H. Ridderbos en S. du Toit toets. Hulle is albei Gereformeerde teoloë wat hulle besonder in hierdie rigting beywer het, indringende studies oor die saak gedoen en gepubliseer het en 'n ernstige poging doen om, onder die gesag van die Skrif, 'n oplossing vir die probleme oor Gen. 1 te gee. Hulle onderskeie studies bied dan ook in vele opsigte waardevolle lig, veral vir 'n Gereformeerde siening op sake. (Weens gebrek aan ruimte kan ons hier nie nader daarop ingaan nie en verwys die lesers na die onderhawige geskrifte self.) Hiervoor is ons veel dank aan hulle verskuldig. Tog is dit 'n vraag of die volgende oplossing(s) wat hulle bied, aanvaarbaar is.

Ridderbos staan 'n „*Kader-opvatting*” voor. Hy stel dit byvoorbeeld soos volg²¹: „Gen. 1 zegt, dat God eerst zes dagen werkt en dan één dag rust. Dit is een mensvormige uitdrukkingswijze. Bij 'dagen' moet men dus aan gewone dagen denken. Maar het zijn niet werkelijke dagen Door de wijze, waarop de scheppingsdaden over de zes dagen worden verdeeld, wordt ons niet geopenbaard, in welke volgorde de scheppingsdaden hebben plaats gehad. De volgorde, waarin ze ons worden verhaald, is echter geenzins willekeurig; ze spreekt ons vooral hiervan, dat de schepping een welgeordend geheel is”. In hierdie opvatting van Ridderbos is die historie vervlugtig tot historiese kader, met ander woorde tot historiese skema. Dit is egter in stryd met die sterk historiese karakter van Gen. 1, wat ook in volle harmonie is met dié van die res van die O.T. Vergelyk die samevatting oor die bespreking van Gen. 1 : 1-2 : 4 hierbo. Daar is geen rede om aan te neem dat die skematische aanbieding van Gen. 1 die historiese karakter daarvan neutraliseer nie.

Voorts loop dit ook vas met Ridderbos se verklaring van die verband tussen Gen. 1 en die vierde gebod. Volgens hom vind die motivering van die vierde gebod — sover dit die begrip 6 + 1 betref — sy oorsprong in die optrede van die mens, naamlik in die gewoonte van die Israeliete om na ses dae se werk een dag te rus, nog voordat die vierde gebod, of Gen. 1 gegee is²²: „Toen het scheppingsverhaal, dat in Gen. 1 voor ons ligt, door de geïnspireerde auteur vervaardigd werd, knoopte hij aan bij de gewoonte van de Israëliet om na zes dagen werken één dag te rusten.” Maar deze opvatting meent, dat als ten aanzien van Gods doen over een dag en over een week (6 + 1 dagen) word gesproken, dit een mensvormige uitdrukkingswijze is. Nader toegespits: ze meent, dat het spreken over 6 + 1 zijn oorsprong vindt in het doen van de mens; maar hier moeten dadelijk twee dingen aan worden toegevoegd: 1e. dit doen van de mens berustte op een goddelijk gebod; 2e. men doet geenzins afbreuk aan de in Ex. 20 : 11 gegeven motivering van het sabbatsgebod, als men aanneemt, dat Ex. 20 : 11 op mensvormige wijze over God spreekt. zie boven.”

Hiermee span Ridderbos die kar voor die perde en kom dit daarop neer dat God die mens se week „navolg”, soos Du Toit dit

tereg noem.²³ Die vierde gebod stel tog duidelik dat die doene van God as voorbeeld (en grond) vir dié van die mens geld en nie andersom nie. En hiermee kom Ridderbos tegelyk ook naby aan verselfstandiging van die historie teenoor die openbaring, want volgens sy stelling is die historiese gewordenheid van menslike optrede (i.v.m. 6 + 1 dae) immers die norm waarby die openbaring nie slegs aansluit nie, maar op grond waarvan hy ook 'n eis stel, en wel op 'n wyse wat dit as skeppingsordinansie van God stel. Ridderbos probeer wel by hierdie beswaar verby kom deur „dag“ en „week“ (6 + 1 dae) sover dit God betref, as mensvormige spreekwyse te beskou; maar dit bots kennelik met die feit dat die ses dae van Gods arbeid in Sy eendagse rus volkomme parallel gebruik word aan dié van die mens (vgl. Ex. 20:9 en 10 met 11). Waarom is dié aangaande God mensvormig en dié aanstaande die mens nie? Du Toit sê hiervan dan ook tereg: „Ons kan nie beweer dat God aan die mens opdra om sy navolger te wees as Hy nie werklik ses dae gearbei en die sewende dag gerus het nie. Dan bly dit maar 'n voorstelling asof God sy werk in sewe dae gedoen het, omdat die mens ses dae moet arbei en die sewende dag rus“.²⁴

Ook die volgende verweer van Ridderbos hef die genoemde beswaar oor sy stelling in verband met die kwessie van die dae nie op nie: „Het betrof hier dan ook niet een willekeurige gewoonte: de Israeliet was in het houden van de rustdag navolger Gods“.²⁵

Die vierde gebod grond uitdruklik die mens se arbeid en rus sowel as die duur daarvan in dié van God; volgens Ridderbos daar-teen is slegs die arbeid en rus in Gods doene gegrond, maar die duur daarvan in die gewoonte van die mens. Hierdie onderskeiding is gedwonge en vind geen steun in die tekste self nie.

Vervolgens 'n beoordeling van Du Toit²⁶ se „teleskopiese“ opvatting van „dag“. Hy redeneer vanuit die begrip „Dag van Jahwe“ waarin, volgens hom, 'n tydperk van die „Dag van Jahwe“ deur die profete gesien word asof deur 'n teleskoop. Hy stel dit soos volg: „Elsewhere I have pointed out that whereas prophecy has to do with eschatology, the account of creation deals with proto-logy. Now, if prophecy has to do with things that will *really* happen, but will be grasped by man in its ful significance only when fulfilled, mutatis mutandis the same applies to proto-logy, the prophet looking backwards over vast spaces of time.“

On purely exegetical grounds one cannot go further than to state that the days are working days of God, but if natural science in its different ramifications teaches that millions of years have elapsed, there is no other conclusion, given the validity of the conclusions of science, than that immense periods have been constricted into six ‘days’. This is exactly what happens when a telescope is used. If we further hold to the Scriptural truth that every new creature owes its existence to the divine creative word, we also notice the rhythm in the work of God and after each day — be it ever so long — something radically new comes into existence. Then we accept the days not as a scheme but as a prophetic reality.“

Op sigself gesien, sou hierdie teleskopiese opvatting 'n verklaring kan bied vir sowel die duur van die Dag van Jahwe as vir sy nabyleheid; immers, 'n teleskoop bring dinge wat ver is, nabij. Tog is dit duidelik dat Du Toit aan die uitdrukking „Dag van Jahwe“ 'n temporeel-kronologiese inhoud toeskryf wat dit nie het nie. „Dag“ gee in dié term nie uitdrukking aan tydsduur soos dit geprojekteer is in een dag nie, dit gee nie die beeld wat 'n profeet deur 'n „temporele“ teleskoop sien nie (maar eerder deur 'n „inhoudelike“: dit vat die inhoud, die materie saam). Die profetiese visie sien nie 'n Dag van Jahwe in sy temporele saamgetrokkenheid nie, maar in sy epogmakkendeheid, soos in die term: „die dag van die ouderdom“, waarin die gedagte aan 'n tydsduur ontbreek.

Die Dag van Jahwe gee dus dus 'n „oor-sig“ oor die materie, die inhoud, en nie 'n „lengte-sig“ oor die duur daarvan nie. Dit is nie 'n temporele sametrekkings van horisontaal agtereenvolgende dae nie, maar dit gee uitdrukking aan die materiële eenheid wat skepping en geskiedenis deur dié epogmakkende daad van God verkry, in teenstelling tot die materiële gebrokenheid van geskiedenis (Gen. 8 : 21) en mens (Gen. 3 : 17; 5 : 1 vlg.), soos uitgedruk in die begrip „dae“.

Du Toit pas die „teleskopiese“ beskouing van die Dag van Jahwe toe op die begrip „dag“ in Gen. 1 en verstaar „dag“ daar as tydsperiodes wat in een dag geteleskopeer is. Ons moet egter daarop wys dat, aangesien van bogenoende kritiek op Du Toit se interpretasie van „Dag“ in die profetiese term „Dag van Jahwe“, daar ook nie grond is om dié term met „dag“ in Gen. 1 te vergelyk nie, omdat dit nie 'n parallel gee nie: In Gen. 1 word „dag“ (in sterk teenstelling tot „Dag van Jahwe“) uitdruklik nader gekwalifiseer met die woorde: „en dit was aand en dit was more“. Hierdie temporele element word nog verder ondersteep deurdat die kronologiese verloop van die skeppingsdade aangegee word en boonop nog die dag se bepaalde plek in die temporele of kronologiese ry, nl. eerste dag, of tweede, ens.

'n Nadere parallel vind ons in Gen. 2 : 4: „die dag van die skeppe van God die aarde en die hemel“. Dit wil dus voorkom of hierdie gebruik van „dag“ wel die teleskopiese siening regverdig. Dit kan egter kwalik die geval wees met die parallelle gebruik van „dag“ in Gen. 2 : 17: „die dag van jou eet daarvan“, aangesien hier seker nie 'n periode bedoel word nie. En in die verdere parallel van Gen. 5 : 1, 2 kan dit glad nie so verstaan word nie: „die dag van die skeppe van Jahwe Adam . . . die dag van hulle skeppe“. Die duidelike parallelle gebruik van die woord „dag“ in dié drie tekste dwing ons om die gemeenskaplike faktor of grootste gemene deler van die drie te soek. En dit is nie tydsanduiding in die sin van tydsduur nie, maar wel 'n aanduiding van die historiese en die epogmakkende, sonder die gedagte van lengte van tydsduur.

Daarmee is ons dus terug by die bevinding dat die „Dag“ in die Dag van Jahwe in besonder 'n epogmakkende gebeurtenis is, parallel aan die begrip: „die dag van die ouderdom“, en nie 'n temporeel-teleskopiese betekenis het nie.

Ons moet veel waardering hê vir die ernstige pogings van Du Toit en Ridderbos om die probleme in verband met Gen. 1 op 'n Skrifgebonde wyse op te los en vir die bydraes in verskeie opsigte gelewer. Ongelukkig is hulle onderskeie voorgestelde oplossings vir die bespreekte probleme m.i. egter nie aanvaarbaar nie.

J. I. Helberg.

(Gelewer voor G.T.V., Pretoria 1966)

VERWYSINGS

1. „Woës en leeg“ en „duisternis“ in Gen. 1 (het dit demoniese betekenis?). In die Skriflig, 2 Febr. 1967, 3-13.
2. Vgl. ook Von Rad, Genesis, London 1961, 60.
3. Ridderbos, Beschouwingen over Genesis 1^o, Kampen 1963, 64 vlg. wys op buite-Bybelse parallelle vir 'n sewe-dae-skema, bepaaldelik 'n ses-plus-eendag-skema, wat op die sewende sy klimaks vind. Hy verwys o.a. na J. Bauer (Die literarische Form des Heptaemeron, Biblische Zeitschrift, I, 1957, 273-277 vir 'n Ugaritiese parallel). Bauer wys daarop dat dié spreekwyse 'n (geordende?) verloop van 'n gebeurtenis met 'n bepaalde hoogtepunt, keerpunt, eindpunt tot uitdrukking wil bring (egter nie hoeveel tyd dit in beslag geneem het nie).
4. Von Rad, Genesis, 62 vlg.
5. Vgl. Aalders, Genesis, I, K.V.², Kampen 1949, 101. Vgl. ook sy De Goddelijke Openbaring in die eerste drie hoofdstukken van Genesis, Kampen 1932, vir 'n grondige en breedvoerige studie van die onderhawige hoofstukke.
6. Vgl. ook Von Rad, Genesis, 61: „The Sabbath at creation, as the last of the creative days, is not limited; the concluding formula ('and it was evening and it was morning . . .') is lacking, and that too, like everything else in this chapter, is intentional“.
7. Aalders, Genesis, II³, K.V., 108. Vgl. ook E. J. Young, The Days of Genesis, W.T.J., XXV, I, Nov. 1962, 1-34, vgl. 17 vlg.; C. F. Keil, The Pentateuch, I, Grand Rapids 1949, 70 vlg.
8. Vgl. bv. P. F. D. Weiss, Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, I, Kaapstad 1958, 6; G. Ch. Aalders, Genesis, I², Kampen 1949, 111 vlg.
9. Vgl. bv. C. F. Keil, The Pentateuch, I, Grand Rapids 1949, 72.
10. Die infinitivus is tewens primér 'n selfstandige naamwoord, vgl. bv. G.K., par. 45:a: „The Infinitive is represented in Hebrew by two forms, a shorter and a longer: both are, however, strictly speaking, independent nouns“.
11. Vgl. bv. Du Toit, Progressive Creation, 192.
12. Die gebruik van die woord „periode“ kan misleidend wees aangesien Gen. 2:4 nie die tydstruktuur van periode op die oog het nie, maar geheel en al op die inhoud, op die (historiese) skeppingsgebeurtenis, gekonsentreer is.
13. Soos Ridderbos meen, a.w., 40.
14. Hiermee word nie die verband tussen „dag“ en natuurgebeure ontken nie. Dit gaan in die stelling egter om die basiese, bepalende faktor.
15. Vgl. bv. G.K., par. 159.b: „It is to be observed in general as a fundamental rule . . . that the imperfect, with its equivalents (the jussive, cohortative, imperative, perfect consecutive, and participle), is used to express a condition and consequence which are regarded as being capable of fulfilment in present or future time, while the perfect represents a condition already fulfilled in the past, and its consequence as an accomplished fact“

16. Keil, a.w., 126.
17. Ridderbos, a.w., 55.
18. Du Toit, Progressive Creation, 177.
19. J. Skinner, Genesis², I.C.C., Edinburgh 1930, 21.
20. C. A. Simpson, Genesis, The Interpreter's Bible, Nashville 1952, 471.
21. Ridderbos, a.w., 66.
22. do., 46, 48.
23. Du Toit, Progressive Creation, 191.
24. Du Toit, Bybel-Skepping-Evolusie, Johannesburg 1964, 76, 77.
25. Ridderbos, a.w., 46.
26. Du Toit, Progressive Creation, 193.